Saterdag 8 Oktober
Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9; Heidelbergse Kategismus Sondag 7, vraag 20
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:8-9
Geloofsekerheid omdat ons in Jesus Christus ingelyf is (Sola Gratia en Sola Fidei)

Beproewing is ’n gegewe in ons aardse lewe. Petrus maak dit hier bekend in vers 6. Ons word hartseer en bedroef. Dis genadiglik net ’n kort tydjie. Die geloof wat ons uit genade ontvang het, word deur hierdie beproewings gesuiwer. Ons geloof word getoets. Dit het ’n doel: Wanneer Christus terugkom, sal ons met lof, heerlikheid en eer voor Hom staan. Dit is ons troos, ons geloofsekerheid!

Waar kom dit alles vandaan? Genade alleen! Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof en eer toe (vs 3)! Hy het vir ons die nuwe lewe geskenk (AFR53 – wedergeboorte). Die feit dat ons glo, kom nie uit onsself nie – die Here het deur sy Woord en Heilige Gees ons nuut gemaak. Dit is in en deur hierdie nuwe lewe dat ons glo. Ons bely in ons Kategismus dat ons slegs deur ’n ware geloof in Jesus Christus *ingelyf* word en al sy weldade aanneem. Hierdie is God se werk in ons, sonder ons! Ons het reeds deel aan ons Here Jesus Christus.

Beproewing en seer sal kom en mag maar kom – ons het reeds die geloof ontvang uit louter genade! Vers 5 stel dit duidelik dat alles veilig bewaar word totdat Christus terugkom. Die geloof en genade bring by ons sekerheid en ’n gesindheidsverandering. Al sien ons nie nou die Here met ons fisiese oë nie – glo ons in Hom. Ons het Hom ook nie tydens sy bediening op aarde gesien nie, en tog het ons Hom nou lief. Sy redding en versoening is realiteit! Saam met hierdie geloof en liefde kom die hoop – die sekerheid dat Hy terugkom. Geloof, hoop en liefde vul ons verder met blydskap wat ons nie kan beskryf nie (onuitspreeklik)!

Staar ons onsself dalk nog vas in die beproewings? As ons net in die beproewings vaskyk, vergeet ons die einddoel. Onthou – ons het REEDS geloofsekerheid. Ons is deur genade gered! Die geloof, hoop en liefde wat ons ontvang het, bring by ons blydskap – ons is in Christus ingelyf. Hy kom terug en ons sal die volle saligheid ontvang!

Sing: Psalm 116-1:1, 5, 10

Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)